Geliefde Lourensrivierder

Met Paasnaweek om die draai, deel ek graag hierdie wonderskone lied met jou. Ek heg ook die lirieke aan. Kliek op skakel om te luister: https://www.youtube.com/watch?v=G-JHRhdpUg0

SPRAKELOOS (deur Stass en Leza Liversage)
Stom en woordeloos
Oor liefde wat risiko's neem
Wetend wat nog wag
Maar Hy doen dit in elk geval
Maar Hy doen dit in elk geval

Sprakeloos, Sprakeloos
Staan ek voor hierdie liefde
Sprakeloos, Sprakeloos
In verwondering oor hierdie genade
Sprakeloos

Stom en woordeloos
Wie gee onverdiende genade?
Sonder voorwaardes
Ek verdien nie wat ek ontvang
Ek verdien nie wat ek ontvang
Sprakeloos, Sprakeloos
Staan ek voor hierdie liefde
Sprakeloos, Sprakeloos
In verwondering oor hierdie genade
Sprakeloos

Hoekom soek ons vir gate
In Sy net van genade
Hoekom maak ons iets goedkoop wat duur is
Kom ons wys hierdie wêreld Sy ondenkbare liefde
Kom ons los hul sprakeloos....

Sprakeloos, Sprakeloos
In verwondering oor hierdie genade
Sprakeloos

Genade is nie een van God se roetes nie; dis die enigste roete! ~deur Stephan Joubert~

"It is only in the gospel of Jesus Christ where you get the verdict before the performance," skryf Tim Keller. Ware woorde! Genade is God se enigste roete. Sy waarheid gebeur nooit los van sy genadige verhoudings met mense nie. Genade is nie iets wat die Here bewys totdat dit nie meer werk nie, en dan probeer Hy iets anders. Immers, God se genade is nie iets nie maar Iemand. **Genade het 'n eksklusiewe naam: Jesus Christus**! Sy genade het ook 'n eksklusiewe roete: dit gebeur wanneer Jesus kruis toe stap met al ons sondes en gemors op sy skouers. Dit gebeur as Hy daar met ons plekke ruil. Dit gebeur nou nog elke dag as Hy saam met ons stap en oor en voor met ons begin - ook wanneer ons gebede leweloos teen ons eie huis se plafon vasslaan. Of as die lewe ons magteloos laat. Of as ons lewens nie uitwerk soos wat ons gehoop het nie. Of as ons net keelvol en moeg geleef is. Of as ons vir God vir die hoeveelste keer in die steek gelaat het…

Genade is om te weet niks wat ons ooit gedoen het; op die oomblik doen, of in die toekoms gaan doen, kan maak dat God meer of minder van ons hou nie. Hy het ons in elk geval lief! En om dit stamelend agterna te bid …en te glo. Genade is om te weet selfs ons min geloof, ons klein geloof en ons on-geloof bring nooit 'n einde aan God se verniet-genade nie. Nooit raak sy liefde of ontferming teenoor ons op nie. Daarom dat sy genade tot gevolg het dat ons anders kyk na die lewe, na ons kinders, ons verhoudings, ons werk en ons kerk. Genade maak nie dat ons die waarheid systap nie, maar dat ons mekaar juis hiermee in die oë kyk. Dan praat ons nie meer oor mekaar, of neem besluite oor mekaar agter mekaar se rug nie, maar doen lewe saam van gesig tot gesig! Want God leef so saam met ons elkeen.

NUUSKRUMMELS: 18 April 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

BELOFTELAND, DINAMIET KIEDZ & LIFE LINE YOUTH

GEEN BYEENKOMSTE AS GEVOLG VAN LANGNAWEEK

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

BERG-EN-SEEKLUB vir Senior Burgers
Byeenkoms Do. 2 Mei @ 9:30
PLEK: Moedergemeente Somerset-Wes Andries Pretoriusstraat.
Onderwerp: Sterrekyk op amper 80!
Frans Myburgh kom deel sy kennis i.v.m. die hemelruim. Hy lig ook sy praatjie toe met 'n **skyfievertoning.**
Die bekende en gewilde musiekkunstenaars Gerald Foster en Gwen Hughes tree ook op!
Almal, ook nie-lede, is baie welkom! **Koste**: R15 Besoekers en R10 Lede.
Kontak: Trina van Schalkwyk (021 854 4662 of 084 774 3532)

HULP DRINGEND BENODIG:
'n Suid-Afrikaanse gesin (ma en 2 tiener seuns) wat vir etlike jare in Iran gestrand was nadat die Iranese pa daar dood is, kom oor 2 weke in Stellenbosch aan . Ons soek dringend hulp met hul hervestiging. Indien jy kan help met die volgende

- Sielkundige dienste om die trauma te verwerk
- Baie basiese behuising (korttermyn 2 weke tot 3 maande)
- Meubels en huishoudelike items
- Werksgeleentheid
- Voorligting aan die kinders m.b.t. studies en toekoms
- Ondersteuning en vriendskap om te help met hul integrasie in die gemeenskap
- Donasies

Kontak: Ds Jurie (083 2355 920) of Magdaleen (0824 2729 24) Goosen of goosens@isales.co.za
Baie, baie dankie. Jurie Goosen

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

BUURTWAG NUUS:
April Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.
Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: https://www.facebook.com/strandnw/

Being a Patroller with the Strand Neighbourhood Watch does not only mean patrolling our streets, we have adopted an old age home, Huis Jan Swart, and we take our Senior Citizens (SC's) for a stroll after their dinner at 17h30 on a Monday and Thursdays afternoons, what joy it gives them knowing they are safe....huge thanks to all who participate

KNIEWERK

- Ons innige meegevoel met Attie Retief en familie met die heengaan van sy vrou, Elize Huldeblyk is op Donderdag, 18/4 @ 11h00 by Lourensrivier Gemeente
- Ons innige meegevoel met Susan Strydom en familie met die heengaan van haar man, Johan Huldeblyk is op Donderdag, 18/4 @ 14h00 by Lourensrivier Gemeente
- Ons innige meegevoel met Rentia Augustyn en familie met die heengaan van haar man, Hannes Huldeblyk is op Donderdag, 25/4 @ 12h00 by Lourensrivier Gemeente
- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Nico Pieters vir spoedige herstel na hartomleiding

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 21 APRIL SE BOODSKAP: JOH 20:1-18 (PAASSONDAG & DIE WEEK DAARNA)

Johannes se vertelling nooi ‘n mens om - saam met Maria - baie intiem deel te word van die opstandingsverhaal. Wanneer Jesus haar op haar naam noem, reageer sy met “Rabboeni (Leermeester)!” en getuig later met blydskap: “Ek het die Here gesien!”. Die paasgebeure roep gelowiges tot [persoonlike deelname en getuienis. Jesus vermaan Maria om nie aan Hom vas te hou nie, maar om na Sy broers te gaan en te vertel wat sy gesien en gehoor het. Dis ‘n prentjie van wat die kerk behoort te wees: As gestuurdes hou ons Jesus nie vir onsself nie, maar deel Hom met ander.
Die opgestane Jesus maak Hom bekend ten spyte van mense se gebrekkige vermoë om Hom te herken.
Bron: Leesrooster

Reeds in die Johannes evangelie verander hierdie lewende Here Jesus lewens sovêr Hy gaan. Maria se trane word afgedroog en vervang met vreugde. Tomas se twyfel verdamp voor die nabyheid van Jesus, en word vervang met geloof. Die dissipels se lewens word gevul met vreugde en vrede. Die weifelende, onseker Emmaüsgangers word getuies van die opgestane Here met brandende harte.

Jesus skep ’n nuwe, dinamiese beweging. Maria Magdalena word ’n draer van hoop. Sy gaan na die dissipels en getuig sy het die Here gesien! Só verander die lewende Here Jesus Petrus en Johannes se lewe, asook Tomas s’n en Jakobus en Paulus en honderde Christen getuies in die eerste jare van die kerk se bestaan. En almal van hulle word draers van hoop – die hoop op die lewende Here Jesus, die hoop op die ewige lewe wat nie eers eenmaal aanbreek nie, maar nou sin en betekenis vir ons lewe bring.

Johannes sluit hierdie evangelie af deur vir ons te vertel dat Jesus sy dissipels die Heilige Gees gee, en hulle betroubare en kragtige draers van sy troosvolle, bemoedigende en versterkende teenwoordigheid maak: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle…”



Dit is aan hulle te danke dat ons vandag mense is wat self getuies is van die lewende Here Jesus en wat dié boodskap nie net voortleef in hierdie wêreld nie, maar ook vir ander daarvan vertel.

Bron: https://ngkerksomerstrand.co.za/johannes-201-18-paasfees-ontmoet-die-opgestane-here-jesus-31-maart/

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE